DISABILITY BOWLS SOUTH AFRICA

NUUSBRIEF NEWSLETTER

Vyfde Uitgawe / Fifth Edition
Mei / May 2010

INHOUDSOPGAWE / INDEX

1. SA Nasionale Kampioenskappe
2. Disability Bowls
3. Fondsinsamelings
4. Nationals through the eyes of a coach
5. Katastrofes
6. All the results
7. DBSA Masters
8. Contact details.

SA NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

Hierdie prestige toernooi het vanaf 14 tot 20 Maart 2010 in die Somerset-Wes omgewing plaasgevind. 'n Rekord aantal spelers met verskillende gestremdhede van regoor SA het ingeskryf. Die toernooi het by vier verskillende klubs in die Valsbaai-kom plaasgevind, naamlik Helderberg, Somerset-Wes, Gordonsbaai en Strand met 'n totaal van 10 bane tussen hulle.

Die spelers het in die loop van Saterdag aangekom en die meeste het by Hendon Park in Gordonsbaai gebly. Hierdie fasiliteite is goedgunstiglik deur die City of Cape Town aan die spelers beskikbaar gestel. 'n Groot markiestent is opgeslaan om as 'n gesellige bymekaarkomplek en eetplek vir die spelers te dien.

Sondagoggend het spel begin met die pare vir gestremdes en ook die blindes. Dit was 'n lieflike dag met 'n ligte windjie, hoewel die wind gedurende die nag op Gordonsbaai heelwat sterker was. Goeie rolbal is gespeel en die spelers het later in die dag 'n voorsmakie gekry van die die alomteenwoordige wind wat hulle nog vir 'n paar dae sou teister!

Maandag het al die parewedstryde voortgegaan met die wind wat aansienlik sterker begin word het. Spelers het gedurende die dag tellings dopgehou en somme gemaak, want Dinsdag was die eerste uitspeelwedstryde.

Dinsdagoggend speel die "blindies" die semi-finale van die pare, maar die "wobblies" en "wheelies" het nog 'n rondte oorgehad en speel eers die middag in hul semi-finaal. Terwyl laasgenoemde semi-finale plaasvind, begin die blindes reeds met hulle enkelspelwedstryde.

Woensdag begin die gestremdes met hul enkelspel-wedstryde en waar die blindes 2 wedstryde per dag speel, moet eersgenoemdes 3 wedstryde speel om alles afgehandel te kry. Gelukkig is daar darem vir sommiges 'n loslootjie wat so 'n klein ruskansie gee.

Vrydagoggend word finale rondtes in die seksies gespeel en in die tweede wedstryd van die dag vind die semi-finale plaas en daarna word die wedstryde vir die bronsmedaljes gespeel.

Saterdagoogend is dit tyd vir finale van die pare-wedstryde en die middag vind die finale van al die enkelspelwedstryde plaas. 'n Interessante feit is dat die gestremdes in 'n pare-wedstryd 18 koppe speel, maar die blindes slegs 14 en natuurlik is daar 'n tydsbeperking aan al hierdie wedstryde gekoppel.

'n Paar interessante statistieke oor hierdie toernooi is dat daar in totaal 484 wedstryde plaasgevind het en vir die enkelspelwedstryde is 363 merkers/helpers gebruik. Behalwe vir die merkers hierbo genoem, was daar 'n hele klomp ander helpers wat ook hul tyd opgeoffer het om hierdie toernooi 'n besondere een te maak!! Die vier klubs wat betrokke was, kan besonder trots wees op elkeen van hul lede wat betrokke was by hierdie toernooi – dit was werklik 'n plesier om by elkeen te kom en hul bane het uitstekend gespeel!

Ek moet egter almal se gelukwense oordra aan Graham Ward en sy toernooi-komitee. Hulle het werklik 'n toernooi gereël wat lank onthou sal word. Behalwe vir al die borgskappe wat verkry is vir akkommodasie, kos, ens, het die hele toernooi sonder veel haakplekke verloop. Die krisisse was daar wel – lees elders in hierdie Nuusbrief daaroor - maar dit is uitgesorteer voordat die spelers nog daarvan geweet het.

Nog iets wat my opgeval het, was die professionele manier waarop die prysuitdeling gehanteer is. So baie maal vind 'n mens dat met 'n medalje oorhan-diging na 'n toernooi wat 'n week lank geduur het, die seremonie afgejaag word en die wenners nie altyd die erkening kry vir 'n week van harde werk nie! Die klankstelsel het uitstekend gewerk – ons kon selfs vir Graham hoor asemhaal, die medaljes was reg, die trofeë blink, die toesprake kort maar kragtig.

Dit was weereens vir my 'n groot voorreg om deel van hierdie toernooi te wees, om te sien hoe mense verby hul gestremdhede kyk en die lewe ten volle geniet. Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om dit vir elke deelnemer 'n onvergeetlike geleentheid te maak!!

Hierdie Nuusbrief word geborg deur:
Newsletter sponsored by :

AÏDA ESTABLISHED 1958

CAPE AGULHAS
028-435 7400
www.aidacapeagulhas.co.za

DISABILITY BOWLS SA

There is a lot of confusion on the different organisations controlling bowls for the disabled in SA. As you will have noticed, this Newsletter is written for Disablity Bowls SA.

In the past there were two controlling bodies for the different disablities, namely NABB (National Association for Blind Bowlers) and PDBSA (Physically Disabled Bowlers of SA). As you will understand it is very difficult to deal with two associations when you negotiate with sponsors or BSA. Therefore one overall body was created to deal with certain aspects and to do negotiations with different organizations.

During the SA National Championships both NABB and PDBSA had their Annual General Meetings. At these meetings each association identified three members to serve as the representatives on the Disablitiy Bowls council.

Another positive outcome is that Disablitity Bowls will now become a Standing Committee of Bowls SA, which will bring a lot of benefits to the disabled bowler. It will be easier to obtain funding for representative teams, get help with the organizing of tournaments, etc.

Disablitity Bowls will however not take over the work done by NABB or PDBSA – both these organisations will go on as in the past and will still look after the interests of their members. This is done because bowlers belonging to either NABB or PDBSA have specific problems which are catered for through specific rules and specifications to accommodate their bowlers in the sport.

We wish Disability Bowls everything of the best for the months to come. They have the enormous task to organize World Bowls 2011 – this tournament will be held in Bloemfontein. Before that there is still the SA Masters that will also be played under their auspices.

*** The executive of Disability Bowls were chosen after the tournament: President: Brian Sneag, Vice President: Cathy Donaldson, Secretary/Treasurer: Graham Ward, Additional members: Fred Sterrenberg, Hannes Fourie and Stan Perrins.**

FONDSINSAMELINGS

By die Algemene Jaarvergadering van PDBSA het ek met 'n skok besef dat daar dringend iets gedoen moet word om fondse vir hierdie vereniging in te samel. In die berig hierbo verwys ek na die feit dat fondse meer beskikbaar sal raak vir Disability Bowls, maar dit los nog nie die probleem van die vereniging vir fisies gestremdes op nie.

PDBSA het 'n relatief klein ledetal en die ledegeld is net R100-00 per jaar per lid. Dit is feitlik onmoontlik om 'n vereniging met sulke fondse suksesvol te bedryf. Fondsinsamelings kan ook nie soos in 'n klub gedoen word nie, aangesien die lede oor die hele SA versprei is en mekaar slegs by die Nasionale Kampioenskappe sien.

In 'n gesprek met Hannes Fourie het ek voorgestel dat ons 'n lapelwapentjie of iets soortgelyks ontwerp en dan NABB se voorbeeld volg om dit aan klubs te voorsien as 'n prys vir 'n spinnekop. My mening is dat klubs nie 'n spinnekop gaan speel indien daar nie 'n prys aan hulle voorsien word nie.

Hoe voel julle hieroor?? Ons is oop vir voorstelle en sal almal se hulp waardeer - ek praat ook nie net van gestremdes nie! Julle kan voorstelle aan my of aan Hannes stuur.

NATIONALS THROUGH THE EYES OF A COACH

I had just arrived back from Provincials in Durban on the Sunday – tired and frustrated, but, as soon as I walked in the Helderberg Bowling Club (HQ for this tournament) I could feel the vibe and the wonderful atmosphere going on. It was great to renew old friendships and later on making so many new friends.

I have been involved with visually impaired bowls for quite some time - 20 plus years, but have been part of National Competitions for 6 years. I can say the standard of bowls played by these bowlers is so high that any sighted bowler would be pleased to be able to play like them. We and I include myself could take a leaf out of their book regarding their concentration and manners on the bowling green. They always compliment one another on good shots played. This is sometimes forgotten by others we also forget that we are there to enjoy the game, which they certainly do – the camaraderie is something to experience!

I have tried to wear a blindfold and play bowls, I did not succeed, so I take my "bowls hat" off to these players – Their dedication to the game is wonderful!

I have said it is a pity the TV cameras were not at this tournament – what positive news for our lovely country seeing all of us enjoying ourselves instead of all the negative vibes we get from other news.

Congratulations to Peninsula for organizing a brilliant tournament and for all the sponsorships they got for this tournament, it was exceptional!

Our visually impaired bowlers and the directors – although it is mentally and physically tiring – had a great time. Many of us say "never again" but next year we come back for more.....

I feel it is a pity that more sighted bowlers can not give up some of their time to help our visually impaired bowlers to enjoy the game.
Yours in bowls,
GLADYS BRADLEY
CHAIRLADY BOLAND REGION

Headquarters – Helderberg Bowls Club.

KATASTROFES BY SA'S!

Ek het vroeër die toernooi-komitee gelukgewens met die uitstekende reëlings rondom hierdie jaar se kampioenskappe. Ten spyte daarvan was daar 'n paar voorvalle wat die lewe vir die gestremdes nogal moeilik gemaak het en dit het niks met die reëlings of die komitee te doen gehad nie.

Op die terrein by Hendon Park was 'n groot markiestent opgeslaan wat as 'n bymekaar-komplek en eetsaal vir die persone wat daar gebly het, moes dien. Ons het eers Sondag daar aangekom en ek moet erken dat die wind my nogal by tye bang gemaak het. Maandagaand het hierdie einste wind besluit dat hierdie tent nou lank genoeg gestaan het, en is dit soos 'n papiersak opgefrommel en 'n entjie verder neergegooi! Dit was werklik nie 'n mooi gesig nie en die eetplek was toe ook daarmee heen. Die toernooi-komitee het hulle weereens uitstekend van hul taak gekwyt en die spelers het daarna in die stadsaal hul aandetes geniet.

Die ander twee voorvalle het individuele spelers beïnvloed – die een het 'n beter einde as die ander een gehad.

Op Sondag, 14 Maart, is Johan Schoon se sleep-waentjie waarmee hy verskeie spelers se rolstoele vervoer het, van sy motor in die parkeer-terrein gesteel. Die een geluk was dat daar geen rolstoele in die waentjie was nie.

Lede van Somerset-Wes Rolbalklub het hierdie voorval op die streeksradio laat uitsaai sodat mense op die uitkyk vir die waentjie kan wees. Dit het egter tot 'n heel ander uitkoms gely. Die eienaar van 'n sleepwaentjie onderneming het dadelik tot Johan se redding gekom en vir hom 'n waentjie vir die week geleen. Dit was egter nog nie die einde nie: 'n Dame van Milnerton het geskakel en 'n waentjie aan hom geskenk!! Haar man is onlangs oorlede en sy het geen nut meer daarvoor gehad nie. Wat 'n wonderlike gebaar!!

Die ander voorval het Dinsdagmiddag (16 Maart) gebeur. Brian Jarvis het saam met Freddie Sterrenberg in die semi-finaal van die pare gespeel en aan die einde van die wedstryd het beide hul rolbalsakke langs mekaar op Helderberg Rolbalklub se stoep neergesit terwyl hul die ander wedstryd dopgehou het. Aan die einde van hierdie wedstryd is hierdie spelers almal in die klubhuis in om 'n drankie te geniet, terwyl die persone wat met die busse gery het, besig was om te vertrek.

Toe Brian weer kyk was sy rolbalsak skoonveld terwyl Freddie s'n darem nog daar gestaan het. By verdere ondersoek is gevind dat Johan Swiegelaar se sak ook weg is. Aanvanklik het almal gedink dat iemand dalk die sakke per abuis gevat het en dat dit in een van die busse beland het. Die volgende oggend voordat die busse van Hendon Park vertrek het, is al drie deurgesoek, maar niks is gekry nie!!

Hierdie twee manne is baie hartseer oor die verlies van hierdie rolballe – dit was nie maar net nog 'n stel balle waarmee hulle gespeel het nie. Albei het groot sentimentele waarde aan beide die stelle! Johan se rolballe sal nie maklik gekry kan word nie, maar vir Brian s'n het ek nog hoop as ons die boodskap ver genoeg kan versprei! Dit is groen met die Protea as die embleem en met sy naam daarop gegraveer. Sy rolbalsak is groen met geel en Brian se naam is daarop geborduur.

So baie keer is daar ook 'n lag by 'n traan: Beide hierdie manne moes toe ander balle leen om met die toernooi te kon voortgaan. Chappie Matthews gee toe syne vir Johan terwyl hy (Chappie) met sy vrou se rolballe die toernooi voortsit. Ongelukkig is hulle twee in dieselfde seksie van die enkelspel en moet hulle dus teen mekaar speel. Johan klop toe vir Chappie met sy eie balle! Is dit nou regverdig??

Die wind in Gordonsbaai se werk! In die agtergrond kan gesien word wat van die tent oorgebly het!

'n Rustige oomblik tussen Emma Kruger en Hannes Fourie – 'n rolstoel het sy voordele ook – of hoe?

Hierdie Nuusbrief word geborg deur:
Newsletter sponsored by :

AÏDA ESTABLISHED 1958

CAPE AGULHAS
028-435 7400
www.aidacapeagulhas.co.za

SA NATIONAL CHAMPIONSHIPS FOR THE DISABLED – RESULTS

Physically Disabled Bowlers:
SA Ladies Singles
B6/7 Gold: Annatjie Meyer
Silver: Hanlie vd Westhuizen
Bronze: Emma Kruger

SA Men's Singles
SECTION 1:
B6/7/8 Gold: Gustav vd Merwe
Silver: Wimpie Viljoen
Bronze: Fred Sterrenberg

SECTION 2:
B6/7/8 Gold: Pieter Naude
Silver: Jarrid James
Bronze: Niël Mouton

SECTION 3:
B5/6/7/8 Gold: Greg Martin
Silver: Louis Gunter
Bronze: Frank Gadd

NABB LADIES SINGLES
B1
Gold: Tracey Smith
Silver: Cathy Donaldson
Bronze: Wendy Brymer

B2
Gold: Dianne du Plessis
Silver: Helene Edwards
Bronze: Gwen Nel

B3
Gold: Princess Schroeder
Silver: May Homer
Bronze: Gladys Mbele

B4
Gold: Jennifer Lloyd
Silver: Lynn Pitcock
Bronze: Caria Steyn

NABB MEN SINGLES
B1
Gold: Stan Perrins
Silver: Dean Hurter
Bronze: Michiel Kruger

B2
Gold: Jaco van Straaten
Silver: Stephen Coleman
Bronze: Garrett Slattery

B3
Gold: Herman Scholtz
Silver: Flippie Walker
Bronze: Freek Barnard

B4
Gold: Eben Fourie
Silver: Erath Swanevelder
Bronze: Chris vd Merwe

NABB PAIRS
B1
Gold: Stan Perrins & Cathy Donaldson
Silver: Michiel Kruger & Dean Hunter
Bronze: Tracey Smith & Reg Smal
B2
Gold: Garrett Slattery & Helene Edwards
Silver: Jaco van Straaten & Hermann Dittoft
Bronze: Gwen Nel & Pamela van Schoor
B3
Gold: Herman Scholtz & Flippie Walker
Silver: Lena Grundeling & Princess Schroeder
Bronze: Abe Crouse & Chris Delcarme

NABB PAIRS
B4
Gold: Eben Fourie & Chris vd Merwe
Silver: Jennifer Lloyd & Lynn Pitcock
Bronze: Carika Steyn & Nicky Nel

Physically Disabled Bowlers:
SA Pairs
B6/7/8 Gold: Wimpie Viljoen & Johan Schoon
Silver: Niel Mouton & Derrick Lobban
Bronze: Fred Sterrenberg & Brian Jarvis

SA DISABILITY MASTERS

Every year at the SA National Championships the names of the players to participate in the SA Masters are announced. The following players have been invited to participate and it looks like it is going to only take place during February 2011 in Pretoria (same time as the SA Masters):

LADIES:
May Homer
Emma Kruger
Annatjie Meyer
Gladys Mbele
Princess Schroeder
Hanlie vd Westhuizen

MEN:
Freek Barnard
Eben Fourie
Brian Jarvis
Herman Scholtz
Jaco van Straaten
Wimpie Viljoen
Abe Crouse
Roger Hagerty
Derrick Lobban
Fred Sterrenberg
Gustav vd Merwe
Flippie Walker

VERSOEK:
Ek doen weereens 'n beroep op almal om vir my bydraes vir hierdie Nuusbrief te stuur – ek het nie met almal kontak nie en weet nie wat julle prestasies is nie! Ek wil ook baie graag in die volgende Nuusbrief meer foto's plaas!
Help my asb met bydraes en fotos's – onthou hierdie Nuusbrief is julle venster na die buite-wêreld en ons manier om Disability Bowls te laat groei en sterker te maak:

CONTACT INFORMATION:

Brian Sneag – President DBSA en International Bowls for the Disabled Inc. : 011-660 5931
E-Mail: bsneag@pop.onwe.co.za

Hannes Fourie – PDBSA
057-352 8551 / 083 308 8551 /
E-Mail: disablity@absamail.co.za

ANNALIE OLIVIER – DBSA Nuusbrief
083 305 0426
annalie3@hotmail.com

Hierdie Nuusbrief word geborg deur:
Newsletter sponsored by :

AÏDA ESTABLISHED 1958

CAPE AGULHAS
028-435 7400
www.aidacapeagulhas.co.za